## Spesiale toekennings
## Special awards

| Top Presteerders | Top Participants |
|---|---|
| Die top presteerders in toepaslike afdelings sal aangewys word volgens die kriteria in die onderskeie afdelings. Hierdie toekennings sal onderhewig wees aan voldoende deelname. | The top performers in applicable sections will be selected according to the criteria in the various sections. These awards will be subject to sufficient participation. |
| **Veelsydigheidstoekenning**<br>Laerskool & Hoërskool<br><br>Vir hierdie toekenning moet die deelnemer deur sy / haar ouer of afrigter **genomineer** word by Nova Arté Uitvoerende Kunste. 'n Volledige lys met die deelnemer se uitslae moet die nominasie vergesel.<br><br>Nominasies moet gestuur word na info@NovaArte.co.za voor of op die laaste dag van die eisteddfod program.<br><br>Om in aanmerking te kom vir hierdie toekenning, moet die deelnemer aan ten minste 4 van die volgende 6 afdelings deelneem, met 'n minimum van 2 items uit elk van *die* afdelings.<br><br>Drama Afrikaans<br>Drama Engels<br>Instrumentaal<br>Vokaal<br>Dans<br>Skryfkuns *<br><br>Slegs simbole in die goue reeks word in aanmerking geneem by die toekenning.<br><br>Slegs individuele items kom in aanmerking.<br><br>Die hoogste twee punte van elk van die afdelings waarin die deelnemer deelgeneem het, sal in berekening gebring word.<br><br>*Skryfkuns items sal slegs in berekening gebring word indien hierdie afdeling onder toesig geskied. | **All-Rounder Award**<br>Primary School & High School<br><br>For this award, the participant must be **nominated** by his / her parent or coach at Nova Arté Performing Arts. A complete list of the participants results must accompany the nomination.<br><br>Nominations must be sent to info@NovaArte.co.za before or on the last day of the eisteddfod program.<br><br>To qualify for this award a participant must take part in at least 4 of the following 6 sections, with a minimum of 2 items in each of *these* sections.<br><br>Drama Afrikaans<br>Drama English<br>Instrumental<br>Vocal<br>Dance<br>Art of writing*<br><br>Only symbols in the gold range will be taken into consideration for this award.<br><br>Only individual items will be taken into account.<br><br>The two highest marks of each of the sections in which the learner participated will be taken into consideration.<br><br>*Art of writing items will only be taken into account if this section takes place under supervision. |